# Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 20 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 15 AUG 2025



**23 AUG** — WISKUNDE: NAUTILUS

**27 AUG** — BELLISSIMA

**5 SEP** — SPORT EN KULTUUR DINEE

## Volg JF SOSIALE MEDIA

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

# 2025 Augustus




## DAGBOEK DIE DATUM:

| | DO | VR | SA | SON |
|---|---|---|---|---|
| | 7 | 8 | 9 | 10 |

- **14–17:** Tennis:Marilie Moolman Toernooi
- **16:** BYBELOLIMPIADE: BEKENDSTELLING OLIMPIADE:BYBEL; Rugbyliga :Finaal
- **18/19:** GR.8: LOJALITEIT; FAK: TIENERSTONEEL
- **20:** Tennis: (seuns) - SPS Brandfort(T); Tennis: (Meisies) - Zastron(T); JF FJ
- **21–24:** Gr 11: Persoonlikheidsontwikkelingkamp
- **21–23:** Tennis: Sentraal-Toernooi
- **22:** KOSKASDAG
- **23:** WISKUNDE: NAUTILUS; Rugby: Koviesliga
- OPPITONGAF: NASIONAAL OPPITONGAF: NASIONAAL OPPITONGAF: NASIONAAL
- **25:** Geloof; GR 12: REKORDEKSAMEN
- **26–28:** BELLISSIMA: KONSERT
- **29–30:** SKAAK-LIGA
- **30:** Rugby: Koviesliga
- **31**
- OPPITONGAF: NASIONAAL OPPITONGAF: NASIONAAL




**SPORT & KULTUUR DINEE 5 SEPT 2025**



# MA'S WAT OMGEE



# Akademie

## Baie Geluk
aan
## Karabo Lebuso

Wat die *Public Speaking* kategorie in die *Reja Buka Reading Festival Competition* gewen het. Sy dring deur na die distriksvlak wat op 20 Augustus 2025 sal plaasvind.




## FBI VRYSTAAT SKOLE SJEFKOMPETISIE

Baie geluk aan Jayden de Meyer wat as 'n Vrystaat finalis gekies is by vanjaar se 'Food and Beverage Institute' *(FBI)*. Jayden het ook 'n beurs tydens hierdie kompetisie verwerf.



BAIE GELUK!

#TROTSJF

# Akademie

# EKSTRAKLASROOSTER

## VERPLIGTE KLASSE SLEGS VIR GRAAD 12

(Dit is vir die voltooiing van sillabusse)

| Vak | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| **Fisiese Wetenskap** | | 06:30 – 07:20<br>Me. M Smit | | |
| **Kuns** | Prakties gr. 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman | | Prakties gr. 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman | Prakties gr. 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman |
| **Lewens-wetenskap** | 13:50 – 14:50<br>Me. J Laning | 13:50 – 14:50<br>Me. A van Rooyen<br>Me. L Vermeulen<br>Me. J Laning | | |

## VRYWILLIGE KLASSE VIR EKSTRA HULP (Alle grade)

| Vak | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Me. L Loubser<br>Me. E Delport | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Me. C Smit<br>Me. E Delport | Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. L Loubser<br>Me. E Delport | Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. C Smit<br>Me. E Delport |
| Fisiese Wetenskap | | Graad 11<br>13:45 – 14:30<br>Me. M Smit | Graad 10<br>13:45 – 14:30<br>Me. A Nel | Graad 12<br>13:45 – 14:30<br>Me. M Smit |
| Lewens-wetenskap | | | Graad 11<br>13:50 – 14:50<br>Me. L Vermeulen | Graad 10<br>13:50 – 14:50<br>Me. V. Gouws |
| Wiskunde | Graad 8<br>13:45 - 14:30<br>Me. A. Nel<br>Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. C. Wagener<br>Graad 10<br>13:45 – 15:00<br>Me. M. van Wyk | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Mnr. J Fourie | Graad 8<br>13:45 - 14:30<br>Me. A. Fourie<br>Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. N. van Staden<br>Graad 12<br>13:45 – 15:00<br>Me. M van Wyk | Graad 11<br>13:50 – 14:30<br>Me. J. Koekemoer<br>Graad 12<br>13:45 – 15:00<br>Me. M van Wyk |

# BYBEL OLIMPIADE

***Dit is ń groot voorreg om die wenners van ons 2025 Bybelolimpiade bekend te maak.***

By JFFJ droom ons van 'n JF waar God se Koninkryk weerspieël word – 'n plek waar JF'ers in oorwinning leef. Daarom bied ons jaarliks ń Bybelolimpiade aan. Vanjaar se Bybelolimpiade het oor die Evangelie van Lukas gehandel.

**Die volgende navorsing wys hoe belangrik dit is om die Bybel gereeld te lees.**

Graad 8



Kaitlin Luyt

Graad 11



Algehele wenner

Karlin Wepener

Graad 9



Simoné du Toit

Graad 10



Josua Deacon

Graad 12



Janah Swarts

## Belangrike bevindings - "Power of 4" Navorsing

*Uitgevoer deur die Center for Bible Engagement (CBE)*

**Hierdie wêreldwye studie het tienduisende Christene (ouderdom 8–80) oor jare heen ondersoek en die volgende gevind ten opsigte van frekwensie en impak:**

1–2 keer per week: Min tot geen meetbare verandering.

3 keer per week: Klein verbeteringe.

4 of meer keer per week: Dramatiese en volgehoue transformasie – bekend as die "Power of 4".

## 📉 in negatiewe gedrag & emosies (≥4 keer/week):

- ***Alkoholmisbruik verminder met 57–62%***
- ***Pornografiegebruik verminder met 59–61%***
- ***Seks buite die huwelik verminder met 68%***
- ***Dobbelary verminder met 45–74%***
- ***Woedeprobleme verminder met 31–32%***
- ***Bitterheid / negatiewe gedagtes verminder met 40%***
- ***Geestelike stagnasie verminder met 60% ("bid teen die dak vas")***
- ***Eensaamheid verminder met 30%***
- ***Angs, moedeloosheid, hooploosheid verminder met 14–32%***

## 📈 Toename in positiewe geestelike praktyke (≥4 keer/week):

- ***Skrifmemorisering styg met 407%***
- ***Getuienis deel styg met 200–228%***
- ***Dissipels maak styg met 230–231%***
- ***Gee vir koninkryksdoeleindes vermeerder met 218–416%***

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# TEMPERAMENT: DIE VIERKLEURMODEL

Temperament is 'n kombinasie van ingebore eienskappe wat bepaal hoe u kind mense en situasies benader en op mense en situasies reageer. Hierdie eienskappe is geneties oordraagbaar en elke kind word gebore met hul temperament. Kinders het 'n kombinasie van vier temperamente, met een of twee wat die sterkste na vore kom. Elke temperament het ook sy eie sterktes en swakhede. Die VierKleurTemperament Model is ontwikkel deur Lynette Beer en gebaseer op Hippokrates se teorie. Die vier temperamente is soos volg:

## 1. Populêre Geel

Kinders met hierdie temperament, is mens-georiënteerde ekstroverte. Dit is die kinders wat optimisties is en die lewe geniet. Hierdie kinders is vriendelik, gee om vir ander en is empaties. Kinders met hierdie temperament mag wel meer ongeorganiseerd en impulsief wees en sukkel om take te voltooi. Hulle is ook geneig om gesprekke oor te neem. Hierdie temperament se grootste emosionele behoeftes is erkenning en aanvaarding.

## 2. Kragtige Rooi

Hierdie kinders is taakgeoriënteerde ekstroverte. Kinders met 'n dominante rooi temperament is dikwels goeie leiers, onafhanklik, gedissiplineerd en doelgerig. Kragtige Rooi kinders is soms gedrewe deur woede en mag kort van draad wees. Hulle mag ook ongeduldig en onsensitief voorkom onder druk. Kinders met hierdie temperament het die behoefte aan lojaliteit, waardering en krediet vir hul prestasies.

*Terapie gee kinders 'n veilige spasie om uiting te gee aan moeilike emosies en te leer hoe om hierdie emosies op gesonde maniere te hanteer.*

## 3. Vreedsame Groen

Kinders met hierdie temperament is mens-georiënteerde introverte. Hierdie kinders bewaar die vrede in situasies, is kalm en goeie observeerders. Hulle geniet dit om ander te help, is betroubaar en kan probleme objektief oplos. Vreedsame groen kinders sukkel wel soms om onafhanklik besluite te neem. Hulle kan onentoesiasties voorkom en mag dit uitdagend vind om self-handhawend te wees. Hul grootste emosionele behoeftes is om rustig te wees, sonder konflik en konfrontasie.

## 4. Briljante Blou

Briljante Blou kinders is taak-georiënteerde introverte. Hierdie kinders is dikwels vasberade, detail-georiënteerd en goeie beplanners. Hul kan onafhanklik werk en geniet 'n stil omgewing. Hierdie leerders is diep denkers en kreatief. Briljante Blou kinders kom soms pessimisties voor en is dikwels perfeksionisties. Hulle is dikwels kritiese oor hulself en mag moeilik wees om tevrede te stel. Briljante Blou kinders se grootste emosionele behoeftes is dissipline en struktuur.



Om u kind se temperament te verstaan is belangrik. Dit stel u in staat om te bepaal wat die beste manier is om u kind se akademiese-, sosiale en emosionele behoeftes te benader. Besoek gerus www.lynettebeer.co.za vir meer inligting oor die Vier Kleur Temperament Model.



# Kultuur
# KUNSTE AKADEMIE

***'Every artist was first an amateur' – Ralph Waldo Emerson***

Jim Fouché se Kunste Akademie bied 'n wye verskeidenheid kunsvorms aan. Om deel van die Kunste Akademie te wees moet elke leerder 'n bedrag van R150 registrasie betaal (Karri app). Dit is op Karri of by Juf Ilse (kontant) betaalbaar.

**Vir enige navrae, kontak Ilse Fourie (Kunste Akademie hoof).**
**066 231 9012 (ilsefourie@jimfouchehs.com)**
Die volgende aktiwiteite word aangebied:




| Aktiwiteit | Kontakpersoon / Besonderhede | |
|---|---|---|
| Sang/Musiek Agste vak | Ilse Fourie | 066 231 9012 |
| Klavier, teorie, viool, Ukulele | Belinda Raath | 076 708 1940 |
| Drama | Elizri Malan | 062 023 6958 |
| Kuns | Adéle Opperman-Marais | 082 213 1345 |
| Dans | Santie van Biljon | 078 666 8140 |
| Dromme / Kitaar | Creare | 082 887 3001 |
| Kitaar | Dirk Kotze-Blaauw | 082 855 3186 |
















# Voortrekkers

Baie geluk aan die leerders wat hulle Presidentverkennerstoekenning ontvang het.

*Voor links na regs:*
**Edane Nieman JF,**
**Dylan Heckroodt (tuisonderrig)**
*Middel links na regs*
**Zelne Gerber JF,**
**Corne Heckroodt Offisier,**
**Simone Visser JF,**
**Anri Steyn (tuisonderrig)**
*Agter*
**Regard Becker JF**

#trotsJF

# Kultuur




ATKV













## Bellissima bied aan:

# Huis Horison



Kaartjies is op Karri of by Juffrou Ilse (k.1) beskikbaar.

Golden Circle - R120
Gewone kaartjie - R80

Gaan bespreek jou plek by Juffrou Ilse.

18:30
JF-skoolsaal



# 28 & 29 Augustus 2025

RAAK DEEL VAN DIE

# BOEK KLUB







## BOEK-N'- SELFIE

Boek + selfie = groot "boekloning"

Beste selfie wen!

Beste selfie wen!







Neem 'n selfie saam elke boek wat jy al die jaar gelees het en stuur dit op die boekklub groep om in aanmerking te kom om 'n prys te wen.

# LIGA-Bepalings

| | | |
|---|---|---|
| 15 MAART | JF vs. TRIO | (W) |
| 21 MAART | JF vs. VOORTREKKER | (T) |
| 12 APRIL | JF vs. FICHARDTPARK | (T) |
| 17 MEI | JF vs. SENTRAAL | (T) |
| 31 MEI | JF vs. DIAMANTVELD | (W) |
| 26 JULIE | JF vs. WITTEBERG | (W) |
| 2 AUGUSTUS | JF vs. GOUDVELD | (T) |

UFS
novus media community news

# SPORT
## TENNIS

| | | |
|---|---|---|
| 13 Augustus ✓ | JF vs DIAMANTVELD | TUIS |
| 20 Augustus | JF vs SPS BRANDFORT | TUIS |
| 27 Augustus | SENTRAAL vs JF | WEG |
| Sep 10, 2025 | ------ | |
| Sep 17, 2025 | JF vs SPS BRANDFORT 2 | TUIS |

## SEUNS

**Tennis seuns derde liga het Woensdag teen Diamantveld verloor met 11 spelle**



# 3de LIGA KW 3

## DOGTERS

| | | |
|---|---|---|
| 6 Augustus ✓ | OMS F vs JF | WEG |
| 13 Augustus ✓ | SENTRAAL vs JF | WEG |
| 20 Augustus | ZASTRON vs JF | WEG |
| 27 Augustus | JF VS LANDBOUDAL | TUIS |
| Sep 3, 2025 | ST. MICHAEL'S vs JF | WEG |
| Sep 10, 2025 | ------- | |
| Sep 17, 2025 | JF vs SPS BRANDFORT | TUIS |

**Tennis dogters derde liga het Dinsdag teen Sentraal verloor met 31 spelle**

#trotsJF

# SPORT

## TENNIS








#trotsJF

# SPORT

## KARATE



Divan Venter het Suid-Afrika met trots by die 8ste Karate-Do-Goju-Kai Wêreldkampioenskappe in Japan verteenwoordig.

#trotsJF

Gojukai-styl is een van die hoofstroom karate-style in die wêreld.


Hy het 'n silwer medalje verwerf en is tans nommer 2 in die wêreld.

Divan het 'n silwermedalje vir Junior Kumite 76+ kg verwerf. Hy het homself werklik bewys deur van sy opponente 8 - 0 en 6 - 0 te klop.

Baie geluk

## BUITESPORT

### GEVEGSKUNS



Denica en Janco Scheepers het op 27 Julie 2025 aan die ATA SA te Kroonstad deelgeneem.
Hulle presteer soos volg:

Denica:

*Traditional Taekwondo form* - 1ste (goud)
*Traditional weapon form* - 1ste (goud)
*Traditional combat weapon* - 1ste (goud)
*Traditional sparring* - 1ste (goud)

Janco:

*Traditional Taekwondo form* - 1ste (goud)
*Traditional weapon form* - 2de (silwer)
*Traditional combat weapon* - 1ste (goud)
*Traditional sparring* - 1ste (goud)





Elvin Pienaar en Ansuri Nel het Suid-Afrika by die 8ste Karate-Do-Goju-Kai Wêreldkampioenskappe in Japan verteenwoordig.

Elvin het in die klas 'Individual Kumite Male Cadet' 70kg+ deelgeneem en het 5de geëindig.
Hy het eerste geveg 8 - 0 gewen en die tweede geveg 2 - 0 verloor. Die opponent was ook die goue medalje wenner.
Sy 3de geveg het hy 8 - 4 verloor.

Veilig terugreis, Elvin en Ansuri!

## BUITESPORT

### AJ Theron



het op 9-10 Augustus 2025 aan die Mpumalanga Moderne Vyfkamp Kampioenskappe wat by Curro Nelspruit gehou is, deelgeneem.

Hy behaal die volgende uitslae:

*Triathle* – 2de plek
*Laser Run* – 1ste plek
*Biathle* – 3de plek

In al drie items het hy die SA Nasionale Kampioenskappe kwalifiserende tyd behaal en sal dus die Vrystaat by die SA Nasionale Kampioenskappe wat in Oktober 2025 plaasvind, verteenwoordig.

# SPORT


BAIE GELUK
## JUF. ELMERÉ
*Van der Berg*

#trotsJF




Deel van die Protea netbal squad wat SA gaan verteenwoordig in die toetsreekse teen NZ en AUS.

## LANDLOOP



Safiya Sampson, Liané van Zyl, Rukayia Sampson en Danell Oelofse het op 9 Augustus aan die Landloop Vrystaatkampioenskappe deelgeneem.

Safiya en Danell is vir die Vrystaatspan gekies wat op 6 September aan die SA's gaan deelneem.

Safiya : 4km (o/14)
Danell: 4km (o/17)

Baie geluk en
baie sterkte aan dié twee!



#trotsJF

# HOKKIE

**Die eerste seunshokkiespan het aan die Guschkie Top Skole hokkietoernooi by Grey College deelgeneem. Hulle eindig 7de in die toernooi.**



| | |
|---|---|
| JF vs. Eldoraigne | 1 - 2 |
| JF vs. Somerset | 2 - 1 |
| JF vs. Menlo | 1 - 1 |
| JF vs. Paarl Gim | 0 - 4 |
| JF vs. Worcester Gim | 2 - 1 |



HOKKIEHOKKIEHO









# HOKKIE













| | | | |
|---|---|---|---|
| 16C Dogters | OMS F (posisie 5/6) | JF gee punte | |
| 14B Seuns | Sentraal (posisie 3/4) | 2-0 | wen |
| 18C Dogters | Brebner (posisie 3/4) | 0-3 | verloor |
| 16C Seuns | Brebner (Finaal) | 2-3 | verloor |
| 14A Seuns | Grey A (semi-finaal) | 0-5 | verloor |
| 18B Seuns | Grey 4 (Finaal) | 0-1 | verloor |
| 1ste Seuns | Saints 1 (semi-finaal) | 1-3 | verloor |
| 16A Seuns | Sentraal 16A (posisie 3/4) | 3-1 | wen |

| | | |
|---|---|---|
| o/18 B (dogters) | JF vs. EHS 3 | 3 - 0 |
| o/16 B (dogters) | JF vs. CBC | 1 - 0 |
| o/14 A (dogters) | JF vs. FHP | 1 - 4 |
| o/16 A (dogters) | JF vs. Sentraal o/16 B | 1 - 0 |
| Eerste span (dogters) | JF vs. Sentraal | 4 - 2 |
| o/18 B (seuns) | JF vs. Sand du Plessis | 1 - 0 |
| o/14 B (seuns) | JF vs. Grey D | 1 - 3 |
| o/16 A (seuns) | JF vs. Grey A | 0 - 8 |
| o/16 B (seuns) | JF vs. Grey E | 1 - 0 |








#trotsJF

# RUGBY




## UITSLAE: SEMI-FINAL

| | | |
|---|---|---|
| o/19 C | JF vs. Fichardtpark | 5 - 59 |
| o/19 B | JF vs. Sentraal | 7 - 21 |
| o/19 A | JF vs. Burgersdorp | 75 - 10 |
| o/16 A | JF vs. Fichardtpark | 41 - 14 |
| o/15 A | JF vs. Fichardtpark | 3 - 8 |
| o/14 A | JF vs. Sentraal | 0 - 38 |

# RUGBY






# HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## SPORTBORGE 2025

## RUGBY - NETBAL - HOKKIE

KONICA MINOLTA


Bidvest

KWIKSPAR
GARDENIA

shc
SHC CONSULTING ENGINEERS

STONEY'S
Wheel & Tyre

Oester JF
Die storie agter die stories
Volg ons op




# DIE SKOKVERHAAL WAT SUID-AFRIKA AANGEGRYP HET

'n Storm woed deur 'n Vrystaatse dorpie. Niks gaan weer dieselfde wees nie.

Die meeste Suid-Afrikaners het die reeks "Niggies" gekyk, wat gebaseer is op 'n ware verhaal. Stokstywe rue op banke, geskokte oë wat dit nie kon glo nie. Gedagtes wat wonder: "Hóé kon so iets gebeur?" Rooi-en-blou ligte flikker, spanning loop oor, en so begin die soektog na die skuldige een.

Die jaar is 1966. Dit is 'n normale dag in die rustige dorpie, Odendaalsrus … Of dit is wat almal gedink het. Dan word twee niggies wreedaardig verkrag en vermoor. 'n Familie se lewe staan stil; 'n gemeenskap word geruk; 'n broer wy sy lewe daaraan toe om antwoorde te vind. 'n Mens sou nie so 'n hartverskeurende ding in 'n klein dorpie verwag nie, maar so kom die donkerte uit en wag vir die perfekte tyd om toe te slaan.

As die familie antwoorde soek, begin hulle teen mekaar draai en skielik ontbloot hulle hulle ware kleure.

Die verhaal wys ons hoe 'n mens se lewe in 'n oogknip van geluk na hartseer kan verander. Ons leer ook lesse hieruit: Die wêreld is nie altyd veilig nie. Bose mense verrig gruwelike dade en onskuldiges word die prooi.

Janru Steenkamp (André Fourie) is 'n jong akteur wat nuut is op almal se skerms. Van dramaklasse en verhoogopvoerings na 'n groot TV-reeks wat sy lewe verander het. Hy moes in die karakter van André inkruip, maar hoe doen jy dit as jy selfs nie weet hoe die persoon moes gevoel het nie?

In 'n onderhoud met Maroela Media vertel hy:

"Die uitdaging was om te probeer begryp hoe moeilik so iets moet wees. Jy moet die eerlikheid en emosie daarvan kan oordra – veral omdat dit 'n ware verhaal is. Maar terselfdertyd wil jy nie indink dat so iets met jou eie sussie kan gebeur nie."

Die verhaal gee vir mense rillings, maar los ook 'n klomp vrae wat die kykers laat wakker bly. Soos ouers wat wonder of so iets dalk nie met hulle kinders kan gebeur nie?

In die gange van Hoërskool Jim Fouché word daar gefluister. Leerders vertel mekaar die verhaal oor en oor, deel opinies. Die onskuld van 'n dorpie is nou verlore en die waarheid … is na dekades eers ontbloot.




**WAT JY KAN DOEN OM ONTVOERING TE VOORKOM:**

- Verander jou daaglikse roetines en roetes gereeld.
- Moenie persoonlike inligting op sosiale media deel nie.
- Bly bewus van jou omgewing – let op voertuie of mense wat jou volg.
- Sluit altyd deure en vensters, selfs wanneer jy tuis is.
- Vermy donker of afgesonderde areas, veral wanneer jy parkeer.
- Leer kinders om nooit met vreemdelinge te praat of saam met hulle te gaan nie.
- Gebruik 'n paniekknoppie of veiligheidstoep soos die AfriForum-noodknoppietoep of Namola.
- Moenie reageer op verdagte "werksaanbiedings" of "modelleerwerk"-geleenthede nie.

**AS IEMAND WAT JY KEN ONTVOER WORD:**

1. Bly kalm en tree strategies op – moenie paniekerig raak nie.
2. Kontak jou buurtwag, privaat sekuriteit of die SAPD onmiddellik.
3. Verskaf soveel moontlik detail: beskrywing van die ontvoerder(s), voertuig, plek en tyd.
4. Hou foto's en laaste kontakbesonderhede van die slagoffer byderhand.

**NOODNOMMERS:**
Forum Sekuriteit-beheerkamer: 066 142 8437
SAPD: 10111
Ambulans/Brandweer: 10177
Kinderlyn SA: 08000 55 555

**JOU WAAKSAAMHEID KAN 'N LEWE RED!**

# Oester

Die storie agter die st

## Die week se foto's:






# Die week se foto's:




Hoërskool
Jim Fouché
bied aan:
20 Sept '25
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar
op Karri en
Quicket
VAT
VLAM
• Bring jou eie piekniekmandjie met kos en drinkgoed
• Kos- en koeldrankstalletjies sal beskikbaar wees
• Groot opelugsokkie
• Hekke open om 17:00
Barto
Kom geniet 'n aand vol musiek en ontspanning

STONEY'S
Wheel & Tyre

Hoërskool
Jim Fouché

# GHOLFDAG

## 2 Oktober 2025

Schoemanpark
Bbs scramble drive (Drive only)

| R 500 per persoon | R2000 per 4-bal span |
|---|---|

4 BAL KOSTE SLUIT IN:

- Registrasie
- Middagete
- 'Goodie bag'
- Ligte aandete

VIR NAVRAE, BORGSKAPPE EN INSKRYWINGS KONTAK:
Merice - 082 908 9061
bemarking@jf.co.za

Groot pryse vir almal!!

JF-HOKKIE HOU...

# Milkshake-week



| | |
|---|---|
| 25 Augustus | **Graad 8** |
| 26 Augustus | **Graad 9** |
| 27 Augustus | **Graad 10** |
| 28 Augustus | **Graad 11** |
| 29 Augustus | **Graad 12** |

## Bestellings op Karri

***Regular: R65***
***Large: R85***



## Flavours:

Oreo Kondensmelk
Choc chip cookie dough
Milo
Strawberry candyfloss
Bubblegum candyfloss

Milkshakes wat bestel is kan gedurende pouse op die teerblad afgehaal word.

Bob's Gourmet Milkshake Bar

# Baie dankie aan ons advertensie borge!

Wirulink
Awerbuchs
Toyota
Frogfoot
CTU Training Metro Real Estate
NTT Suzuki
Efficient Group
Akademia
McDonalds
OVK
Free State Paving
FS Apparel
Panarotti's
ChemDry

Build it
OHS Consultants
Impa
Jewel Craft
Itau Animal Feed
Engen
Big Sky Coaches
Handy In
Local Choice Apteek - GardeniaPark
R&L Engineering
Legacy Invest
SA Home Loans
Loots Plumbers
Platinum Global

Baie dankie aan ons advertensie borge!

MATRIEKKLAS VAN 2015

JIM FOUCHÉ

# 10 JAAR

# Reünie

**Tien jaar later is hierdie jou kans om weer te lag oor ou stories en nuwe hoofstukke te deel met mense wat weet waar jy begin het.**

| | |
|---|---|
| Vrydag, 19 September, 17:00 | Saterdag, 20 September, 18:00 |
| **Informele Piekniek - gratis** | **Hoof Reünie - R100** |
| Bring jou eie pousekos en kom kuier informeel saam voor die snoepie. | JF Vat Vlam - Barto vertoning met ons eie kuierarea. Bring eie glase en drinkgoed. Vure & worsbroodjies word verskaf. |

**RSVP & BETAAL VOOR 10 SEP**


PETTE R166
VISOR R166
ONDERSTEUNERS
WIT KORTMOU KATOENHEMP
TOPS R580
GOLFERS R340
BREËRANDHOED R230
BUFFS
R100
JF BAND R60
BREËRANDHOED R230
Bestel en betaal op Karri
karri
LIP BALM R30
R80
#TROTSJF

# LEKKER ETES TEEN BEKOSTIGBARE PRYSE!



**HUIS ANTON VAN WYK BIED VARS, SMAAKLIKE KOSHUISETES ÉN ETES VIR SPESIALE GELEENTHEDE!**

**MIDDAGETE: SLEGS R30**
**AANDETE: SLEGS R50**

**ONS VOORSIEN OOK SPYSKAARTE VIR FUNKSIES, VERGADERINGS EN ANDER SPESIALE OOMBLIKKE.**

## Huis Anton van Wyk

**KONTAK ANNETTE MAARTENS VIR MEER INLIGTING EN BESTELLINGS:**
**084 886 7419**
**ANNETTEMAARTENS@JIMFOUCHEHS.CO.ZA**

**JOU HUIS WEG VAN DIE HUIS!**